

Skriflesing: Lukas 24:13-35Teks: **Lukas 24: 25-26**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 66:1,7****TYDENS EREDIENS- Ps. 118:1,2; Ps. 65:2,3; Ps. 42:1,7; Ps. 34:1,2****Lukas 24:13-35****Luk 24:13** Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af.**Luk 24:14** Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het.**Luk 24:15** Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop,**Luk 24:16** maar hulle oë is verhinder om Hom te herken.**Luk 24:17** Hy vra hulle toe: "Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?" Met somber gesigte gaan hulle staan,**Luk 24:18** en een van hulle, met die naam Kleopas, antwoord Hom: "Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie?"**Luk 24:19** Hy vra vir hulle: "Watter dinge?" Hulle antwoord Hom: "Die dinge in verband met Jesus van Nasaret, 'n profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die hele volk;**Luk 24:20** en hoe ons priesterhoofde en die lede van ons Raad Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word, en Hom gekruisig het.**Luk 24:21** Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos. Maar boonop is dit vandag al die derde dag vandat die dinge gebeur het.**Luk 24:22** En nou het 'n paar vroue uit ons kring ons ook nog ontstel. Hulle was vanmôre vroeg by die graf**Luk 24:23** en kon sy liggaam nie kry nie. Hulle het kom vertel dat hulle 'n verskyning gesien het van engele wat gesê het Hy lewe.**Luk 24:24** Sommige van ons mense het ook na die graf toe gegaan en dit net so gekry soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie."**Luk 24:25** Toe sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?"**Luk 24:26** Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?"**Luk 24:27** Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.**Luk 24:28** Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle op pad was, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan.**Luk 24:29** Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby." Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly.**Luk 24:30** Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.**Luk 24:31** Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.**Luk 24:32** Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"**Luk 24:33** Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,**Luk 24:34** en dié sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!"**Luk 24:35** Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.**Skriflesing:** Lukas 24:13-35Teks: **Lukas 24: 25-26**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 66:1,7****TYDENS EREDIENS- Ps. 118:1,2; Ps. 65:2,3; Ps. 42:1,7; Ps. 34:1,2**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag by die derde aparte verskyning aan die dissipel Simon Petrus was dit opvallend dat daar eintlik so min besonderhede en inligting rondom hierdie verskyning aan ons geopenbaar is. Ons het dit vandag weer gelees net die blote

feit dat *die Here het aan Simon verskyn*. Vandag by die verskyning aan die Emmaüsgangers is dit eintlik weer heeltemal die teenoorgestelde. Hier staan so baie in wat met Jesus se vierde verskyning gebeur het dat ons onmoontlik by vandag se voorbereiding dit alles na vore kan bring. Laat ons vandag en ook by ons Nagmaal DV volgende Sondag hierdie vierde verskyning voor oë maar ook in ons harte plaas. Dit is 'n baie ryke gedeelte.

Die kernvraag waarmee ons hierdie vierde verskyning kan begin en wat by voorbereiding altyd ook 'n baie belangrike vraag sal wees is wat is jou en my ware lewensbeskouing? Waarom is ek nog op hierdie aarde ... waarom leef ek nog? As Christus daardie 8 myl of 12 km in 'n noordwestelike rigting met die twee manne saamstap, ons aanvaar eintlik het Jesus net 'n gedeelte van 'n redelike lang pad met hulle saamgeloop, as jy dit so op 'n Sondag agter-middag te voet moet aflê. Dinge wat daardie Sondag-middag gebeur het, maar dalk nog belangriker, dinge wat op daardie Sondag-middag by hierdie vierde verskyning gesê is, is wat ons harte ook moet aanraak. As my hart by voorbereiding rondom die dinge ook nie warm word nie, dan sal ek oor my eie lewensbeskouing dalk nog dieper selfondersoek moet begin doen as wat voorbereiding wel altyd selfondersoek van ons vra.

Dit wat Jesus by hierdie vierde verskyning ook baie duidelik wys is hoe Hy wat die Here is al dieper ons as mense se lewens kan indring? By Maria Magdalena wou Jesus dat daar weer geloofsgroei en geloofsekerheid in haar lewe moet kom. By Jesus se tweede verskyning aan die drie vroue wou Jesus weer ware geloofsvreugde in hulle lewe terugsit. By verlede Sondag se derde verskyning aan Simon Petrus het Jesus die vraag na liefde en hoe sy opstanding in alle opsigte vir Simon Petrus, sy deurmekaar hart, weer 'n liefdeshart moes maak, wou beklemtoon. Die derde verskyning wat ons amper niks van weet nie, maar wat in alles 'n weergalming van God se liefde vir diep gevalle sondaarmense soos Simon Petrus is, met die refrein wat Petrus diep sou raak as daar by herhaling later aan hom gevra sou word, *Simon seun van Johannes het jy my waarlik lief?* Simon Petrus se hart sou weer met liefde vir sy opgestane Here gevul kon word.

Vandag lees ons van twee manne wie se harte stelselmatig met warmte gevul geraak het, hoe langer hierdie verskyning aangehou het, hoe dieper hierdie vierde verskyning van God in hierdie

twee manne se lewens ingedring het. Hulle wat op die einde erken het dat nog nooit het iemand met hulle gepraat soos Hy die opgestane Here met hulle gepraat het nie.

Vóór hierdie erkenning was dit asof die Here in hulle lewe ook eers 'n voorbereiding laat plaasvind het. Stelselmatig het dinge vir hulle duideliker moes word. Hulle voorbereiding was nie eensklaps afgehandel nie. Hulle loop en gesels met mekaar, ons aanvaar hulle vra mekaar groot vrae. Die dinge wat vir hulle daardie Vrydag gebeur het, was alreeds so verskriklik, ja ook die sonsverduistering en die aardbewing in Jerusalem wat ook hulle lewens geskud het toe op daardie dag ook mense uit hulle grafte uitgeskud was en hulle daardie Sondag lewend die stad sou ingaan. Self was die Emmaüsgangers nie getuies daarvan nie, maar hoeveel van die stories wat toe reeds rondvertel was, kan ons ons maar net probeer voorstel. Hoe hulle lewensbeskouing toe alreeds hierdeur geraak was, kan ons aanvaar was reeds diep geraak.

Hulle wat van Jesus, hierdie besondere Profeet groot dinge verwag het, nou weet hulle dat Hy gekruisig is, dat Hy dood is. Die vroue se getuienis en die stories van die opstanding in Jerusalem het hulle eintlik op daardie stadium net nog meer ontstel. En soos wat hulle aanstap kom Jesus hulle lewe ingestap maar hulle erken Hom nie. Ons het reeds vantevore gesien die voorkoms van Jesus in sy verheerlikte liggaam sou nie noodwendig elke keer op presies dieselfde wyse herkenbaar gewees het nie. Om die Here te ken gaan om met Hom geestelik 'n pad te stap. Fisiese voorkoms en oppervlakkige waarneming van Hom is die dinge wat Jesus in die tyd tussen die opstanding en die hemelvaart nie op die voorgrond sou plaas nie. Vir die Here het dit gegaan om 'n baie dieper geestelike verhouding en met insig vanuit die Woord van God met Hom om te gaan. Dinge wat God beslis by hierdie voorbereiding ook nog weer van ons kan verwag.

As iemand Nagmaal wil vier is dit belangrik om met diepe omgang en met geestelike erns met die Woord van God om te gaan. Jesus het met hierdie manne begin saamstap en terwyl hulle praat oor alles wat gebeur het en Jesus ook met hulle saam sou wees, het die Here hulle oë nog toegemaak, die Here het hulle oë verhinder dat hulle Jesus nie kon herken nie. En Jesus vra hulle waaroor hulle so met mekaar loop en redeneer. En ons lees dan die naam van een van die twee Emmaüsgangers, 'n man met die naam Kleopas se verontwaardiging. In die 2020 Vertaling

staan dit- *“Is u die enigste vreemdeling in Jerusalem wat nie weet van die dinge wat in hierdie dae in die stad gebeur het nie?”* Jesus wil die vroe rondom ons lewensbeskouing nog dieper laat indring en daarom vra Jesus ’n vraag wat Hy beslis self die antwoord geken het, maar dit gaan om die mens, die Emmaüsgangers, maar ook ek en jy wat moet kan besin oor waarom gaan die lewe regtig?

Die Emmaüsgangers probeer beslis na die beste van hulle vermoë ’n verduideliking te gee, nie net van wat die gebeure was nie, maar wat hulle eintlike verwagtinge dan nou ook rondom Jesus was, van Wie hulle sulke groot dinge verwag het. Daar was die tyd wat hulle geglo het Hy Israel gaan verlos... daar was die tyd wat hulle Hom, die Man van Nasaret erken het as ’n Profeet, magtig in woord en daad en dit in die oë van God maar ook in die oë van hulle hele volk? Steeds draai die Emmaüsgangers nie doekies om nie, hulle praat reguit oor hoe hulle leiers, ja hulle leierpriesters en hulle volksleiers Hom oorgelewer het en hoe Hy ter dood veroordeel is. Hulle praat oor drie dae wat reeds verby is, hulle praat oor die berig van die vroue, hulle praat uit ’n hoek van menswees wat hulle lewensbeskouing duidelik blootlê as maar vlak en eintlik praat hulle op ’n trant wat hulle baie bedenkinge oor het.

Ons teksverse by hierdie voorbereiding is Jesus se besondere antwoord na die lang relaas wat hulle die dinge wou probeer opsom, maar by die Woord van God het hulle nie uitgekom nie. Wel, hulle denke en hulle ervaringe en hulle skeptisisme daarmee het hulle oploop gegaan, maar die eintlike antwoord op hulle lewensvrae het hulle nie op die regte plek gaan soek nie. Om in jou gevoel, of aanvoeling, om in jou bedenkinge, selfs in jou aannames te dink daar gaan ek my antwoorde en uitkomst vind is ’n groot misgissing wat by hulle plaasvind. Hoe maklik maak ons dieselfde lewensgevaarlike fout?

Jesus se antwoord op ’n baie menslike fout was baie skerp as daar ook die tye kom wat Jesus in liefde antwoord maar daar ook nie doekies omgedraai mag word nie. Om maar net ’n pleistertjie op ’n baie seerplek te plak laat alleen stukkende wonde. Die kwaad moet aangespreek en uitgesny word, anders sal insig en ’n werklike diepe verstaan van wat waarlik gebeur het, eenvoudig nie realiseer nie. Hoor weer die Here se woorde- *25 Toe sê Hy vir hulle: “Wat ’n gebrek aan begrip en wat ’n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete*

gesê het nie? 26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?” In die ouer vertaling staan dit- 25 En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! 26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie? ...Die 2020-Vertaling staan- 25 Toe sê Hy vir hulle: “O, julle wat so sonder begrip is, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gesê het! 26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie?”

Jesus noem hulle mense sonder verstand, sonder begrip, ja mense met so 'n gebrek aan insig, en dan noem Jesus dat die Christus al die dinge moes ly om in sy heerlijkheid weer te mag ingaan. Al klink Jesus se reaksie so skerp, baie sou dit dalk as beledigend ervaar, besef ons watter liefde sit agter hierdie skerpe antwoord. God wil nie hê dat jy jou eie Jesus-beeld, jou eie gebrekkige Godsbesef net nog weer, keer op keer, ten toon stel nie. As jou Godsbegrip verkeerd is, sal jou kerkbegrip ook verkeerd wees en dan sal jou verlossingsbegrip hoegenaamd nie reg wees nie.

Maar watter genade dat Jesus ook by vandag se voorbereiding ons nie net by hierdie skerp reaksie laat nie. Sy liefde spreek letterlik boekdele, ja letterlik boekdele want wys Hy die Emmaüsgangers daarop as julle by die werklike en regte lewensbeskouing wil uitkom, moet jy by die boek, moet jy by die Skrifte, moet jy by die Woord van God uitkom. Jesus het werklik by die boek van God uitgekom en dit deel na deel, teks na teks, konteks na konteks tot hulle laat spreek. As jy die Woord van God, as ek die Skrifte ernstig opneem en ek dit werklik wil reg hanteer dat moet ek by Jesus se Skrifhantering wil aansluit. Ek wil dit nog sterker stel dan moet ek een kan word met hoe Jesus God se Woord hanteer het. Dan mag ek op geen wyse die huidige Skrifhantering van die oorgrote meerderheid van postmoderne gelowiges (en selfs die meeste kerke vandag?!) as die norm wil aanvaar nie. Daarin sit soveel onverstandigheid, onverskilligheid en afvalligheid. Asof die Woord van God 'n ou boek in 'n nuwe wêreld is en asof die Skrifte nie werklik antwoord kan gee op al ons lewensvrae nie. Daar is geen groot lewensvraag wat jy jou antwoord net uit die Woord van God kan vind nie.

Hoe mooi staan Jesus se werkswyse hier- 27 Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê. Mooi segswyses en allerhande filosofiese uitsprake en self uitgedinkte sentimentele goed-voel woorde mag dalk vir jou ook

baie beteken maar dit sal nie jou werklike lewensvrae, jou werklike lewenskrisisse aanspreek as ek nie by die Skrifte, by die werklike Woord van God uitkom nie. Sonder die Skrifte sal ek nooit die regte lewensbeskouing by myself, in myself, rondom myself kan vestig nie. Mag die Here by hierdie voorbereiding u dit ook skenk. Mag dit wees dat die opgestane Here vir u die werklike rede is, ja die enigste rede waarom u volgende Sondag die heilige Nagmaal wil vier.

Mag dit wees dat die opgestane Here jou waarlik ook sal sê – *Nog nooit het iemand gepraat soos Hy nie.* As ons volgende Sondag aan die tafel aansit, wil ons graag weer rondom die gedeelte tot die Nagmaal nader want sal ons kan stilstaan by die breking van die brood. Die Emmaüsgangers het 'n wonderlike ervaring gehad, nie alleen het hulle die Woord van God uit die mond van Jesus deel na deel kon hoor nie, maar by die breking van die brood en die Here sy seën daaroor uitgespreek het, toe het hulle oë werklik oopgegaan. Mag ons reeds met geopende oë wel volgende Sondag 'n geseënde Nagmaal vier.

AMEN